**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Hersiening Nr. : 216/10

In die hersiening tussen:

**DIE STAAT**

*versus*

**TSHEPO MALLY MONAKALADI**

---

**UITSPRAAK DEUR:** HANCKE, R

---

**GELEWER OP:** 8 JULIE 2010

---

[1] Die beskuldigde is skuldig bevind aan oortreding van artikel 3 van Wet 60 van 2000 (besit van 'n 6,35 mm semi-automatiese pistool) en gevonnis tot 3 (drie) jaar gevangenisstraf.

[2] Na aanleiding van 'n navraag deur Mocumie, R gee die landdros toe dat die bepalings van artikel 51(2)(a) van Wet 105 van 1997 nie in die landdroshof van toepassing is nie, alhoewel hy dit wel toegepas het.

[3] Wat die feite van die saak betref, blyk die volgende gewigtige versagtende omstandighede teenwoordig te wees:

1. Die beskuldigde is ‘n jeugdigde 18 jaar oud;
2. Hy het skuldig gepleit en blyk dit volgens die voorvonnisverslag dat hy inderdaad berou het oor die voorval;
3. Hy is ‘n algehele eerste oortreder.
4. Die betrokke vuurwapen, wat vir ‘n baie kort tydperk in sy besit was, was nie in ‘n werkende toestand nie en ook nie toegerus met ‘n magasyn nie. Vir alle praktiese doeleindes was dit nie in ‘n werkende toestand nie.
5. Daar is geen aanduiding hoegenaamd dat hy die vuurwapen vir misdadige doeleindes wou gebruik nie.

[4] Dit blyk volgens die voorvonnisverslag dat die beskuldigde oor goeie mensemateriaal beskik.

[5] Inaggenome al die feite en omstandighede, is ek van mening dat die vonnis skokkend en treffend onvanpas is in die omstandighede. Vergelyk **S v PHULWANE AND OTHERS** 2003 (1) SASV 631 (T) te 634 en verder. Indien die

beskuldigde hom goed gedra in die gevangenis behoort hy die voordeel te geniet van 'n omskepping na korrektiewe toesig.

[6] Bygevolg word die volgende bevele verleen:

1. Die skuldigbevinding word bekragtig.
2. Die opgelegde vonnis word tersyde gestel en vervang met 'n vonnis van 12 (twaalf) maande gevangenisstraf opgelê ingevolge artikel 276(1)(i) van die Strafproseswet 51 van 1977, teruggedateer 1 Maart 2010.

**S.P.B. HANCKE, R**

/sp